

Woensdag 8 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 3:1-7

Fokusgedeelte: 1 Timoteus 3:7

Ouderling, hou toesig oor jousef!

Om 'n ouderling in die kerk van Christus te wees, is voorwaar 'n voortreflike werk. Jy het die voorreg om Christene met raad en troos te ondersteun in hulle verhouding met God. Dit is ook 'n verantwoordelike werk – jy werk in en aan die liggaam van Jesus Christus waarvoor Hy duur betaal het.

Iemand wat as ouderling wil dien, moet aan elkeen van die vereistes voldoen, soos hier in die teksgedeelte uiteengesit word. Hierdie vereistes gaan oor sy innerlike karakter wat in sy optrede tuis, in die kerk en in die wêreld sigbaar en hoorbaar word. Ja, selfs in die wêreld moet hy in al sy optrede net een ry spore trap. Niemand moet ooit wonder aan wie 'n ouderling homself onderwerp nie. Sy optrede in al sy handelingte moet getuig dat Christus sy Koning en Leidsman is.

Daarom moet 'n ouderling uiters waaksaam wees vir die strikke wat die duiwel vir hom stel. 'n Ouderling is steeds 'n sondaar – 'n geredde sondaar, maar 'n sondaar. Die duiwel weet immers dat wanneer hy 'n ouderling sover kan kry om in die sonde te val, kry hy nie net een gelowige in sy kloue nie. Soos domino's is daar ander gelowiges wat ook sal val, want die ouderling wat aan hulle leiding moes gee, het geval. Gevolglik kry die huis van die lewende God krake in. En afgesien van 'n paar Christene wat teen die Here sondig, kry die duiwel dit reg om die Naam van Christus deur mense te laat beswadder.

Ouderling, as voorganger in Christus se kerk is jy een van die duidelikste teikens van die duiwel. Pas jousef op deur jou te laat lei deur die Gees en met die Woord.

Sing: Psalm 138-1:4

Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)